... want ons is
Kinners van die Lig

31 October 2011

Geagte ouer

Weereens dankie vir die ondersteuning met ons gholfdag. Ons het ongeveer R35 000,00 wins gemaak. Daarmee saam het ons nog R12 000,00 met die rugbyraai ingesamel. Dankie dat u so mooi saamwerk.

Die Beheerliggaam doen egter 'n beroep op ouers wat nog agterstallige skoolgelde het, om dit onmiddellik te betaal. U sal binnekort u staat ontvang tesame met 'n brief vanaf die Beheerliggaam. Dankie aan al ons ander ouers wie so pragtig saamwerk. Die boekgelde van R1000,00 vir 2012 kan reeds betaal word indien al die skoolgelde vir 2011 betaal is.

- EKSAMEN
  As gevolg van die Gauteng Departement van Onderwys se vervroegde datum waarop alle promosiestate op 5 Desember 2011 geteken moet word, moes ons die volgende aanpasings maak.

- PRYSUITDELING
  Die datums vir die prysuitdelings sal soos volg wees:

  - Maandag - 21 November 2011 - Gr R - Gradeplegtigheid
  - Dinsdag - 22 November 2011 - Gr 4 - 6 Prysuitdeling
  - Woensdag - 23 November 2011 - Gr 7 - Prysuitdeling
  - Donderdag - 24 November 2011 - Gr 1 - 3 & LSEN - Prysuitdeling
  - Vrydag - 2 Desember 2011 - Gr 1 - 6 - Deelname sertifikate skooltyd)

  U sal binnekort uitnodigings ontvang vir bogenoemde indien u leerder betrokke is.

- EKSAMEN
  Die eksamen sal vervroeg word vanaf *Maandag, 28 November 2011* na ***Vrydag 25 November 2011***. D.w.s. die leerarea NW (Gr 4 & 5) en SW (Gr 6 & 7) wat op Maandag, 5 Desember 2011 geskryf sou word sal op ***Vrydag, 25 November 2011*** geskryf word. Die rooster is dus as volg:

DAG	DATUM	GR 4 & 5	GR 6 & 7
VRYDAG	25 NOVEMBER	NW	SW
MAANDAG	28 NOVEMBER	WISKUNDE	ENGELS
DINSDAG	29 NOVEMBER	AFRIKAANS	AFRIKAANS
WOENSDAG	30 NOVEMBER	ENGELS	WISKUNDE
DONDERDAG	1 DESEMBER	SW	EBW
VRYDAG	2 DESEMBER	EBW	NW

Ons bied verskoning aan vir bogenoemde verandering, maar dit is ongelukkig buite ons beheer. Die graad 6 & 7 leerders sal op Dinsdag, 8 November 2011 Engels en Donderdag, 10 November 2011 Wiskunde vraestelle vanaf die Departement skryf.

- EKSAMENTYE

  Die eksamentye sal as volg wees:

  - 07:30 - 08:00 - Register periode
  - 08:00 - 08:40 - Leersessie
  - 08:40 - 09:00 - Pouse
  - 09:00 - 10:30 - EKSAMEN
  - 10:30 - 11:00 - Inneem van handboeke
  - 11:00 - 13:00 - Leersessie (toesigklasse)
  - 13:00 - Skool sluit – naskool gaan voort

  Ouers mag hul leerder/s om 11:00 kom afhaal indien u voel dit is beter dat hy/sy by die huis studeer. Bogenoemde is ook van toepassing vir Gr 1 – 3 leerders. Alle leerders moet tot en met ***2 Desember 2011*** by die skool wees. 100% skoolbesoek sertifikate sal dus tot 2 Desember 2011 geneem word. Leerders mag dus vanaf Maandag 5 Desember 2011 by die huis bly indien hy/sy voldoende toesig tuis het. Daar sal beslis toesigklasse wees vir leerders wie nie toesig tuis het nie.

- KASKARUITSTAPPIE

  Die kaskaruitstappie sal op Dinsdag, ***6 Desember 2011*** te Pines Plesier Oord in Krugersdorp plaasvind. U kind sal 'n brief ontvang met verdere reëlings.

- GR. 7-AFSKEID

  Die Gr 7-afskeid sal op Woensdag, ***7 ~~November~~ Des 2011*** plaasvind. Die leerders sal later inligting ontvang.

- RAPPORTE

  Alle rapporte kan op ***Vrydag, 9 Desember 2011*** vanaf *07:00* tot *09:00* by die registeronderwyser afgehaal word. Ouers wie se skoolgelde op 9 Desember 2011 nog agterstallig is, moet asb self die leerder se rapport in die kantoor by die Beheerliggaam kom afhaal. Tref asb. vroegtydig reelings. *GEEN* rapport sal aan leerders oorhandig word wie se skoolfonds agterstallig is nie. Ons wil u graag help, maar almal moet egter hul deel bydra.

- MARKDAG

  Die markdag wat op 25 ~~Septembe~~ Nov.r 2011 sou plaasvind sal op Vrydag, 18 November 2011 plaasvind. Stalletjies moet nou alreeds by juf Celia Smit teen R50,00 per stalletjie bespreek word.

- FOTODAG

  Op Maandag, 7 November 2011 sal alle sportfoto's geneem word. Leerders moet asseblief hul sportklere saambring.

- VELSKOEN INRY
  Ons fliek-aand sal plaasvind op Donderdag, 8 Desember 2011 te Velskoen Inry – Randburg. Kaartjies sal binnekort te koop wees teen R100,00 per kaartjie per motor.

  Kom ons gebruik hierdie aand om lekker saam te kuier en die verlede te herleef. Bring die hele familie saam!

Groete

P.J. BADENHORST
HOOF